*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (29/21)*
**(Volg my op Twitter justchad_cga)**
*Justin Chadwick 6 Augustus 2021*

***"Birds scream at the top of their lungs in horrified hellish rage every morning at daybreak to warn us all of the truth, but sadly we don't speak bird." Kurt Cobain***

**MIDDEL-SEISOEN OORSIG**

Einde Julie het Portia Magwaza (CGA Navorsings-ekonoom) 'n middel-seisoen oorsig (beskikbaar by portia@cga.co.za) opgestel wat aan alle CGA-lede gestuur is.

Met 'n ekstra week wat tot Portia se dokument bygevoeg is, het Suid -Afrika nou die twee-derdes punt bereik van sitrus wat gepak en vir uitvoer goedgekeur is. **Pomelo's** is 94% klaar, met slegs 1 miljoen kartonne van die 17,2 miljoen voorspelde kartonne (15 kg) wat nog gepak moet word. As hierdie voorspelling gerealiseer, sal dit net 5,5% onder die skatting van 18 miljoen wees. Interessant genoeg is **suurlemoene** presies op dieselfde punt met 94% gepak en vir uitvoer goedgekeur, met 1,5 miljoen 15 kg kartonne wat nog gepak moet word om by die nuutste voorspelling van 27 miljoen kartonne te kom. Hierdie voorspelling is 3,2 miljoen minder as die oorspronklike skatting - 'n afname van 10% van die oorspronklike skatting. **Nawels** het 22 miljoen kartonne wat gepak en vir uitvoer goedgekeur is - met 4,3 miljoen kartonne wat nog gepak moet word om by die voorspelde 25,3 miljoen kartonne (87% gepak) uit te kom. As dit realiseer, sal die voorspelling slegs 4% weg van die oorspronklike skatting wees. Daar is nog 9 miljoen kartonne sagte sitrus wat gepak moet word om by die voorspelde 30,1 miljoen kartonne uit te kom - dit wil sê 70% is gepak en goedgekeur. Die voorspelling volg steeds die oorspronklike skatting (slegs 100 000 kartonne weg van die oorspronklike skatting van 30,2 miljoen). Die groot getalle wat nog moet kom, is die **Valencia-lemoene** - met slegs 30% van die voorspelde 55,4 miljoen kartonne wat reeds gepak is. Die voorspelling is nou 2,6 miljoen kartonne (5,4%) minder as die oorspronklike skatting van 58 miljoen kartonne.

In totaal is die voorspelling vir sitrus-uitvoere in 2021 vir suider-Afrika nou 155 miljoen kartonne, 5% laer as die oorspronklike skatting. Die groot veranderlike in die spel is nou die hawe se vermoë om die oorblywende 53 miljoen kartonne te versend. Die impak van die kuberaanval, wat op die hakke van die opstand volg, beteken dat Suid-Afrikaanse hawens almal baie onder druk is. Terwyl die rolspelers in die hawens koorsagtig besig is om die agterstand te hanteer, houers inkomend en uitgaande los te laat, koelkamers van opgehoopte vrugte leeg te maak en al die vrugte wat in die hawe aankom te diens, word produsente aangeraai om seker te maak dat hul vrugte hanteer kan word voordat hulle die vrugte na die hawe vervoer. CGA en Transnet hou gereelde vergaderings met alle rolspelers in 'n poging om almal op hoogte te hou en om druk op 'n hawe-sisteem wat reeds onder druk is, te verminder.

**INENTING VAN PLAASWERKERS**

Baie belanghebbendes in Landbou dring aan op noodsaaklike werkerstatus vir diegene wat op plase werk, ten einde hul inentings vir COVID 19 te prioritiseer. In die afgelope week het CGA te hore gekom van ten minste drie sitrusplase in Limpopo wat tesame met die Provinsiale Departement van Gesondheid werk om al hul werkers ingeënt te kry. Die CGA COVID 19 RESPONSE COMMTTEE (CRC) het die risiko van plukspanne, pakkers in die pakhuise, werkers in koelkamers, PPECB- en DALRRD -inspekteurs en hawewerkers om COVID op te doen, as hoog in terme van beide waarskynlikheid en impak, geïdentifiseer. Deur plukkers en pakkers in te ent, verminder hierdie sitruslandgoedere die risiko van ontwrigting in die toekoms aansienlik. Produsente word aangemoedig om die voorbeeld te volg; maar moet kennis neem van die debat rakende individue se regte en die regte van eienaars om 'n veilige werksomgewing te bied.

**GEPAK EN VERSKEEP**

| Einde van Week 30 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| BRONNE: PPECB/AGRIHUB | 2019 | 2020 | 2021 | 2020 | 2021 | 2021 | 2021 | 2020 |
| Pomelo's (17kg) | | | 14.3 m | | 12.2 m | | | |
| Pomelo's | 15.5 m | 13.8 m | 16.2 m | 12.4 m | 13.9 m | 18 m | 17.2 m | 15.5 m |
| Sagte Sitrus | 13.4 m | 17.3 m | 21.1 m | 14.6 m | 16 m | 30.5 m | 30.1 m | 23.6 m |
| Suurlemoene | 18.5 m | 24.2 m | 25.5 m | 21.5 m | 22 m | 30.2 m | 27 m | 29.6 m |
| Nawels | 19.3 m | 21.4 m | 22 m | 18.6 m | 17.2 m | 26.3 m | 25.3 m | 26.2 m |
| Valencias | 13.3 m | 17.9 m | 17.3 m | 10.4 m | 9 m | 58 m | 55.4 m | 55.1 m |
| **Totaal** | **80 m** | **94.6 m** | **102.1m** | **77.5 m** | **78.1 m** | **163 m** | **155 m** | **150 m** |

*THE CGA GROUP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) ARE SUPPORTED BY AND WORK FOR THE SOUTHERN AFRICAN CITRUS GROWERS*